

## Teksverse: *Belangrike Info:*

Maak seker dat jou kinders verstaan dat God dinge nie altyd laat uitwerk soos ONS wil nie. Partykeer laat Hy ook slegte dinge in ons lewens toe, omdat Hy in die toekoms kan sien en ons nie. Slegte dinge maak ons sterk, dit laat ons groei en dit kan ons nader aan God bring – hang af hoe jy dit hanteer.

Ons leer ook belangrike lesse uit moeilike situasies, en partykeer laat God dit toe om te kyk wat in jou hart is teenoor HOM – wat gaan jy maak as hierdie ding nie uitwerk soos jy bid nie, gaan jy God daarvoor blameer, of gaan jy Hom vertou dat HY die beste weet en NIE jy nie!

Partykeer is ons ook in slegte situasies oor keuses wat ONS gemaak het, maar ons blameer God daarvoor en ons verwag van Hom om die gemors wat ONS veroorsaak het uit te sorteer. Mens moet ook uit jou foute leer, want hoe anders gaan jy weet om dit nie weer te doen nie!

Jes 55:11	God sal nie iets sê en dit nie doen nie
Jes 62:6	Herinner God aan Sy beloftes
Heb 13:8	God is altyd dieselfde
Sag 4:6	Nie deur krag of mag nie, maar deur God se Gees
Joh 15:13-14	Jesus noem ons Sy vriende en is so lief vir ons dat Hy sy lewe vir ons afgelê het
Fil 3:14	Vergeet wat agter is en strek jou uit na wat voor is
1 Sam 16:7	Die Here kyk na ons harte
Jak 5:16b	Die gebed van 'n gelowige het krag
Rom 8:26-27	As ons nie weet wat om te bid nie, dan bid die Heilige Gees namens ons
Dan 10:12	Daniel het 21 dae gewag om 'n antwoord by God te kry, want satan se army het God se engel probeer keer om die antwoord vir hom te bring
Jes 1:18	Kom nou en laat ons die saak uit sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol
Joh 14:6	Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie
1 Joh 1:9	As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig
Rom 10:9	As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word
Joh 1:12	Wanneer ons God aanneem is ons SY kinders
Joh 15:16	As ons tot bekering kom moet ons vrug dra – ons lewens moet dit wys
Jes 30:15	Ons krag is in stilwees en vertrou
Rom 8:28	God laat alles ten goede meewerk (Soos HY weet die beste is, omdat Hy God is en Hy in die toekoms kan sien – ons kan nie)
Jerm 29:11-14	God beplan goeie dinge vir ons (Soos HY weet die beste is, omdat Hy God is en Hy in die toekoms kan sien – ons kan nie)
Rom 8:38-39	Niks kan ons van God se liefde skei nie
Ps 27:14	Wag op die Here
Jak 4:8	Nader tot God en Hy sal tot jou nader
Rom 12:21	Oorwin die kwaad deur die goeie
Ps 18:29	Met my God loop ek 'n bende storm, met my God spring ek oor 'n muur
Ps 139:13-18	God het jou aanmekaar gesit – jou gemaak / gevorm
Matt 10:30	Selfs die hare van jou kop is getel
Jes 49:16	Ons name is in God se handpalm gegraveer
Joh 10:28-29	Niemand kan on suit God se hand ruk nie